

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 93**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## Oor die

# LAASTE OORDEEL

Ons glo, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, gekom het — wat aan alle skepsele onbekend is — en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, onse Here Jesus Christus uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, met grote heerlijkheid en majesteit, om Hom aan te kondig as Regter oor lewende en dode; en dat Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. En dan sal persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn alle mense, manne sowel as vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe bestaan het, gedagvaar deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God. Want almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan, die siele saamgevoeg en verenig met hulle eie liggaam waarin hulle geleef het. En met betrekking tot diegene wat dan nog sal lewe, hulle sal nie sterwe soos die ander nie, maar hulle sal in 'n oomblik verander en uit verganklikheid onverganklik word.

Dan sal die boeke, dit wil sê, die gewetens, geopen en die dode geoordeel word volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, goed of kwaad. Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ydele woord wat hulle gepraat het — iets wat die wêreld vir niks anders as kinderspel en tydverdrijf beskou nie; en dan sal die verborgenhede en geveinsdhede van die mense in die openbaar voor almal ontdek word. En daarom is die gedagte aan hierdie oordeel met reg ontsettend en skrikwekkend vir die oortreders en goddelose, en baie begeerlik en troosvol vir die vromes en uitverkorenes; aangesien hulle volle verlossing dan voltooi sal word en hulle daar sal ontvang die vrug van al hulle sware arbeid en moeite. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal oefen teen die goddelose wat hulle getiranniseer, verdruk en gekwel het in hierdie wêreld; terwyl die goddelose oorweldig sal word deur die getuienis van hul eie gewete. Hulle sal onsterflik word, maar só dat hulle gepynig sal word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is.

Daarenteë sal die gelowiges en uitverkorenes met heerlijkheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam bely voor God sy Vader en sy uitverkore engele; alle trane sal van hulle oë afgevee word; hulle saak, wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal erken word as die saak van die Seun van God, en as 'n genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so 'n heerlijkheid as wat die hart van 'n mens nooit sou kan bedink nie. Daarom verwag ons die grote dag met 'n groot verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here.

**Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 37.**

# AS DIE GORDYN SAK...

Ek is bly daar is nog mense soos u wat al diep nagedink het oor die lewe en die toekoms. Ook die toekoms van die wêreld en die mensdom. Ek wens daar was in ons tyd van oppervlakkigheid en ligsinnigheid meer mense soos u wat 'n bietjie verder kyk en vra: Wat van die toekoms, waar gaan ons beskawing heen, hoe ver kan die wetenskap nog vorder, en hoe lank kan die mensdom nog bestaan? Maar, soos jyself sê, hoe meer 'n mens daaroor nadink, hoe swartgalliger word jy . . .

## **Pessimisties?**

Jy kan nie 'n ander uitweg sien nie: Uiteindelik gaan die mensdom homself tog maar vernietig met 'n atoom-oorlog, of 'n kiem-oorlog, of met die lug-, see- en waterbesoedeling. Of dit sal hongersnood wees, Die wetenskap sal nie altyd kan voorbly nie, en die aarde raak uitgeput. Die einde moet tog een of ander tyd kom. Die wetenskap sê so. Maar die Bybel sê ook so! En daarom vra jy: Wat help alles dan? Al die moeites van die mensdom? Al jou eie afslowery? Wat baat dit nog om te lewe, en watter sin het dit dat daar nog kinders gebore moet word? As die einde kom, bly daar tog niks meer oor nie. Totaal niks!

Nou moet ek sê daar is heelwat dinge wat jy gesê het waarmee ek kan saamstem. Die lewe hier op aarde is maar kort en onseker. Die Bybel sê ook so, op meer as een plek. Daar kom sekerlik 'n einde, ja, vir jou en my en vir die aarde en die mensdom.

## **Maar dis geen lugleegte nie!**

Hier moet ek jou tog reghelp, waar jy sê anderkant die einde is daar niks meer nie, dis net 'n donker gat, 'n lugleegte, 'n niks. As dit so moes wees, dan het die wêreld en die mensdom mos verniet bestaan. Dan was alles eintlik doelloos en sinloos en betekenisloos.

Gelukkig is dit nie so nie.

Nee, daar is 'n doel, 'n punt waarop alles afstuur, soos God dit beplan het. En daarom is die einde nie 'n donker gat, 'n lugleegte nie, maar 'n volmaakte, wedergebore skepping sonder ellende en pyn en moeite. Want as die laaste uur vir hierdie wêreld slaan, dan kom Christus weer om alles nuut te maak. Of laat ek liever sê: Christus se koms sal 'n einde maak aan hierdie wêreld van frustrasie en pyn soos wat ons dit ken.

Mag ek vir jou hier en daar voorlees wat die Bybel daarvan sê? . . . "die skepping self sal vrygemaak word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe" (Romeine 8:21, 22).

## **Die oes moet eers ryp word**

Wanneer Christus kom, sal die nood, die barensnood van die skepping verby wees en daar sal 'n nuwe aarde sonder ellende uit hierdie ou, sugtende skepping gebore word. Maar dit kan nie gebeur voor die tyd ryp is nie. Dis soos 'n baba wat op sy tyd gebore moet word. Die eerste deel van die program moet eers afgehandel wees voor die gordyn kan sak en die finale bedryf kan begin. Of laat ons sê die graan moet tog eers ryp word voordat die oestyd kan aanbreek. En dan sal gebeur wat Johannes profeties gesien het: "Toe sien ek, en kyk, daar was 'n wit wolk en Een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel" (Openbaring 14:14).

Met hierdie koms van Christus sal al die gelowiges die volkome heerlikheid ontvang op die nuwe, herskepte aarde. Die skepping verlang nou reeds na hierdie "openbaarmaking van die kinders van God" in heerlikheid.

Sal jy een van hulle wees?

**W. J. Maritz.**

# Hulle het dit nie verstaan nie

Met opgetrekte wenkbroue het hulle dag vir dag na die petalje in die werkwinkel van Noag en Kie. gestaan en kyk. Dat 'n grootmens so simpel kan wees om hierdie kolossale skip myle van die see af op die droë grond te bou, dit was bokant hulle vuurmaakplek. En sommige van hulle het met draaibewegings van die wysvinger langs die kop vir mekaar beduie dat Noag nie heeltemal reg is in sy bokamer nie.

U moenie dink dat hierdie mense self half swaksinnig was nie. Hulle het 'n baie goeie begrip gehad van alles en nog wat. Net al, van die ontsettende prediking wat daar van elke hamerhou op die ark hulle teëgeklink het, het hulle g'n snars begryp nie. Bekeer jou want die oordeel kom — dit was vir hulle Grieks.

Miskien ken u die spreekwoord: Daar is nie 'n dommer mens as die een wat nie wil verstaan nie. Ek wonder soms of dit nie met hierdie mense ook die geval was nie — hulle het nie verstaan nie, omdat hulle nie wou verstaan nie?

## Eet en drink en trou

En terwyl Noag aan sy groot skip getimmer het, het hulle geëet en gedrink en getrou en in die huwelik uitgegee (Matth. 24:38).

En wat is miskien hiermee verkeerd, hoor ek iemand vra.

Hierdie mense se fout het nie gesit in wat hulle gedoen het nie. Eet en drink en trou is almal noodsaaklike handeling en is op sigself geen sonde nie.

Hul fout het gesit in wat hul nie gedoen het nie. Hulle het geëet en gedrink en getrou sonder om God in hierdie dinge te ken en te eerbiedig. Die reël wat Paulus later aan die Korinthiërs geskrywe het, was vir hulle totaal onverstaanbaar: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God" (1 Kor. 10:31). Hoe kan 'n mens nou tot eer of tot ooneer van God eet of drink? Verbeel jou!

## Tot op die dag ...

So het dit voortgegaan tot op die dag dat Noag in die ark gegaan en die sondvloed gekom en almal weggevoer het.

Miskien het hulle toe verstaan — toe dit vir ewig te laat was.

Presies so, sê Jesus, sal dit weer by sy wederkoms wees.

Die mense sal eet en drink en trou — natuurlik alles sonder God — en hulle sal die oordeelsprediking van die kerk nie verstaan nie tot op die dag van sy wederkoms.

Hoe eet en drink u?

Bid en dank u nog oor die tafel?

Of eet en drink u sonder God?

Waar is u getroud?

In die kerk, voor die aangesig van God, of in die kantoor voor die landdros?

Is daar ook plek vir God en godsdiens in u huweliks- en gesinslewe, of leef u soos die mense in die tyd van Noag?

Trek u u winkbroue op as u die kerkmense Sondag sien kerk toe stap terwyl u op pad is gholf- of tennisbaan toe?

En draai u die vinger langs die kop as u oor die radio 'n dominee so ernstig hoor preek dat die oordeel aanstaande is?

En hierdie nimlike stukkie wat u nou hier lees — gee dit u 'n kieweling van ongeduld? Die mense voor die sondvloed het dit nie verstaan nie, tot op die dag ...

Het u dit verstaan?

Wou u dit al ooit verstaan?

Of sal u dit ook eers eendag verstaan as dit vir ewig te laat is?

**P.W.B.**

## ***WEDERKOMS***

*Heer, duur dit lank nog voor U weer sal kom?*

*Leer ons soos kindertjies u koms verwag,  
wat op hul vingertjies die langverwagte dag  
aftel, wanneer Vader kom.*

*Leer ons soos kindertjies u koms verwag,  
wat, hoe ook in hul spel gevange  
beluister met 'n diep en sterk verlange  
die eerste stap van Vader as hy kom.*

Vry verwerk na die Nederlands van Berendien Meijer-Schuiling,

## **Die Wederkoms —**

## **'n werklikheid**

Glo jy dat Jesus Christus weer sal kom?

Ek sien dat jy jou kop skud, jy glo blykbaar nie.

Ek hoor jou sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Vanaf die begin van die skepping bly alles nog dieselfde . . .!

In die tyd van die apostel Petrus was daar mense wat dieselfde gevra het.

Vir hulle het Petrus geantwoord: Dit is nie so dat alles dieselfde gebly het nie. God het eenkeer alle lewensbestaan op hierdie aarde vernietig deur die sondvloed — behalwe vir Noag en sy huisgesin en die diere wat God in die ark bewaar het (Genesis 6-8).

Alles het dus nie dieselfde gebly nie.

Net so het God gesê dat, met die koms van die Here Jesus, hierdie wêreld aan die vuur prysgegee sal word (2 Petrus 3:7).

Uit die feit dat die Here nog nie die wederkoms laat aanbreek het nie, moet jy tog nie aflei dat

daar nie so iets sal wees nie. Petrus sê duidelik dat God lankmoedig oor ons is en nie wil hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. (2 Petrus 3:9).

### ***Gee ag!***

Leen dus nie jou ore uit vir diegene wat sê dat hierdie aarde in sy teenwoordige gedaante vir ewig sal voortbestaan nie.

Slaan geen ag op die woorde van die Kommunis wat vir die mens 'n hemel op hierdie aarde belooft nie.

Gods Woord stel duidelik dat die hemele (die wolke- en sterrehemel) met 'n gedruis verby sal gaan. Hierdie woord gedruis is 'n woord wat in die Griekse taal die verskrikking aandui van dreunende vlamme, bruisende waters, snorrende pyle, sissende slange en klappende swepe. As Petrus nog daarby noem dat die elemente sal vergaan en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand ... dan begryp jy dat dit 'n verskriklike dag sal wees.

Geen wonder nie dat die goddelose, die ongelowiges, sal uitroep: "Berge, val op ons; heuwels, bedek ons!"

Vir die gelowiges sal hierdie dag geen vrees inhou nie, want God skep "volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon." (2 Petrus 3:13).

### ***Nog genade...***

Noudat God se Woord oor die wederkoms tot jou gesprek het... skud jy nog jou kop?

Toe Lot sy skoonseuns gewaarsku het om uit Sodom pad te gee, omdat die Here die stad gaan verwoes (Genesis 19:14), was hy in die oë van sy skoonseuns soos een wat gekskeer.

Sy skoonseuns het in die vlamme stad ongekem.

As die Woord van God ook vir jou gekskeerdery is, my vriend, wag die vlamme toorn van God se oordeel in die hel vir jou.

"Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is" (Jesaja 55:6).

Wie in Jesus Christus glo het die ewige lewe (Johannes 3:36).

**C. J. Malan.**

## **WAAROM?**

**Waarom weeg jy geld af vir wat geen brood is nie, en arbei jy vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na my en eet die goeie, en laat jou siel hom in vettigheid verlustig! Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; Roep Hom aan terwyl Hy naby is.**

**(Jesaja 55:2, 6)**

# KEN JY DIE DOOD?

Ken jy die dood?

Ja, ek weet jy ken die koning van die verskrikking.

Maar ek is nie so seker of jy weet waar die dood vandaan kom nie.

Lees Genesis 2 vers 17 en Genesis 3: daar staan dat die dood nie oorspronklik tot die skepping behoort het nie, maar dat dit eers in die skepping van God gekom het nadat Adam en Eva gesondig het.

Die dood is soos 'n by wat sy angel insteek in ons lewe en die gif van die toorn van God in ons lewe uitstort. ..

Maar — ons dank die Here — ons kan die dood ook in 'n ander gestalte ken.

In 1 Korinthiërs 15:55 vertel Paulus ons dat die dood sy angel verloor het.

As jy die hele hoofstuk lees, sal jy sien wat gebeur het.

Jesus Christus het vir ons aan die kruishout gesterwe. Die dood het sy angel diep in die liggaam van Christus ingedruk en die toorn gloed van God in Hom ingespuet, sodat Hy gesterf het.

Maar Jesus Christus het opgestaan uit die dood.

En net soos 'n by sy angel verloor wanneer hy jou steek, het die angel van die dood in Jesus Christus bly vassteek.

Vir die wat waarlik in Jesus Christus glo het die dood nie meer 'n angel nie.

Die dood het vir die gelowige van karakter verander. Daarom wil ek vir jou vra:

## **Ken jy die dood in sy veranderde gedaante?**

As die Here Jesus van die dood praat, noem Hy die dood 'n slaap, (Johannes 11:11).

As 'n mens gaan slaap, laat jy al die sorge van die dag agter, die harde arbeid, vermoënis, stryd en worsteling. In die slaap rus jy liggaamlik en geestelik.

Nouja, dieselfde gebeur by die dood. Die dood is vir die gelowige 'n slaap wat hom verlos van al sy sorge en laste en sonde. Vanaf daardie oomblik is hy volmaak heilig, want hy het al die sonde afgesterwe.

Maar, in die tweede plek: Die dood bring die gelowige van die sienlike na die onsienlike wêreld van God. Al rus die liggaam in die graf, die siel leef bewustelik voort by Jesus in die hemel. Die heerlikheid van die onsienlike wêreld kan geen menslike taal beskryf nie — daarom word dit in die Bybel onder die beeld van wit klere, lewende waterfonteine, bruilof en wonings voorgestel.

## **Hoe staan jy teenoor die dood?**

Daar is mense wat reken dat daar geen lewe na die dood is en dat mens geen rekenskap van jou lewe sal gee nie. Daarom is hulle leuse: laat ons eet en drink en vrolik wees want môre sterf ons.

Hierdie mense sal hulle ontsettende fout uitvind wanneer hulle eendag voor die groot wit troon van God sal staan (Openbaringe 20:11-15).

Daar is mense wat reken 'n mens moet met 'n stoïsynse ongevoeligheid teenoor die dood



staan.

Daar is mense wat 'n sieklike verlange na die dood openbaar omdat hulle moeg is vir die lewe.

En jy? Hoe staan jy teenoor die dood?

In Filippense 1:23 sê Paulus: "Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste."

Weet u waarom Paulus so kan sê?

Omdat die lewe vir hom Christus was.

Paulus het Jesus so liefgehad, so digby Christus gelewe, dat hy vurig verlang het om by Jesus te wees.

En, geagte vriend, as jy waarlik glo in die Here Jesus Christus — as jy met Hom gemeenskap oefen in die gebed —

— as jy na Hom luister in die Kerk —

— as jy leef volgens sy Woord — dan sal die dood ook vir jou geen verskrikking meer inhou nie, maar sal jy saam met Paulus kan uitroep:

"Dood waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?"

**C. J. Malan.**

## *Het u gehoor ?*

**Kyk Ek staan by die deur en ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.**

**(Openbaring 3:20)**

# Wederkoms en Roeping

Het die aankondiging in die Skrif dat die Here Jesus weer sal kom enige betekenis vir die wêreld vandag?

Anders gestel: Sou daar iets verander het as die mense van vandag geglo het dat daar 'n dag van afrekening kom?

Kom ons voer die vraag bietjie verder: As rekening gehou word met Iemand wat as Hoogste Regter oor ons dade sal en kan oordeel,

- sou mense mekaar beskinder en beswadder het? (9de gebod)
- sou mense mekaar in die handelwêreld nog so belieg en bedrieg het? (8ste gebod)
- sou daar soveel uitspattighede gewees het op seksuele gebied en losbandigheid in huwelike? (7de gebod)
- sou sinlose moorde, roekelose bestuur op ons paaie, oorloë wat onskuldige bloed op die aarde laat vloei en mishandeling van die medemens nog daagliks voorbladnuus wees? (6de gebod)
- sou selfsug en hebsug, afguns en jaloesie, die begeerlikheid van die oë en die botviering van allerlei luste, nog soveel slagoffers geëis het? (10de gebod)
- sou die "gedenk die Sabbatdag" dan nog plek moes maak vir "gedenk die vryheid wat ons het"? (4de gebod)
- sou mense nog die Naam van die Here ydellik moes gebruik om wat hulle sê geloofwaardig laat klink? (3de gebod)
- sou eie skeppinge en bedinksels nog vereer gewees het asof hulle die lewe kon vernu of God kon verheerlik? (2de gebod)
- ja, sou enigeen dit ooit gewaag het om te leef asof daar geen God is nie terwyl daar in die eerste gebod staan "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie"?

Maar nou bly die dag van die wederkoms so lank op die waglys.

Hoeveel eeue gelede het Christus nie al gepraat van sy wederkoms nie?

Word dit nie alles so saai, so frustrerend, so eentonig nie?

Met die vermeerdering van die jare — en eeue — vermeerder ook die vrae. Daar het al soveel gebeur; die mens het al soveel bereik, nie net die wêreld nie, ook die heelal het al klein geword.

As Jesus weer kom ...? Hoeveel keer is die belofte nie al herhaal en die dag probeer bereken nie?

Maar dit staan op papier.

Omdat die tyd van die koms van die Here onbekend is, lewe ons asof die feit van ons koms ewe onseker is.

En dit pas ons uitstekend!

Want nou hoef ons ons mos nie te bind nie. Hier is mos nie 'n tydsbeperking, 'n grens gestel nie. Ek hoef met die dinge van die Here nie op hierdie of daardie tydstip klaar, gereed of "op datum" te wees nie. By die Here is daar nog altyd 'n kans.

In ons eie lewens kan dit egter so anders wees.

As ons iets wil hê, as ons ons hart op iets gesit het, kan ons so moeilik wag. Wat 'n gejaag! Wat 'n gedoente! Partykeer skaars tyd om mekaar te groet!

Maar God moet wag!

Die Here Jesus het eenkeer sewentig manne gestuur om soos "lammers onder wolwe" die evangelie te versprei. Een van die dinge wat Hy vir hulle gesê het is "groet niemand op pad nie". (Lukas 10:4).

In 'n wêreld waarin ons lewe, waar die gebooie van God so blatant veronagsaam en vertrap word, is dit nie anders nie.

Hoe groter die afval, hoe voller word die maat van God se tyd, en des te dringender die geloofseis en geloofserns.

Dis waar, God wag nog vir wetsoortreders om in pas te kom met die skare wat die Wetsvuller, Jesus Christus, volg en let op die tekens van sy koms. Hy wil nie hê iemand moet op die pad agterbly nie. Ook u en ek **kan** saamgaan.

Maar God is tog ook haastig. Hoe lank moet die mensdom bly dink dat Hy nie bedoel wat Hy sê nie? Ek mag nie talm nie; nou **moet** ek saamgaan.

**P. G. L. van der Walt.**